



Tuks moet op wenpad kom

Die Maties sal soos gewoonlik die oorweldigende gunsteling wees, maar die Ikeys het tog 'n vegterskans in vanaand se groot Varsitybeker-rugby-wedstryd in die Danie Craven-stadion in Stellenbosch.

Die Ikeys het vanjaar al twee wedstryde verloor, maar hul seges oor die Pukke en Tuks sal hulle tog met 'n bietjie selfvertroue toerus vir 'n wedstryd wat duisende ondersteuners na Coetzenburg sal lok.

Die Ikeys se 16 ligapunte, wat hulle in die derde plek op die puntelys plaas, is reeds vier meer as wat hulle gesamentlik in 2016 en 2017 kon opstapel.

Dit is 'n getuigskrif van die oplewing in die Kaapse studente se rugby.

Die Maties sal veral bedag moet wees op die Ikeys se aanslag in die skrums, want dit is 'n faset waaruit die Tiers nou baie trots put.

Nietemin is die Stellenbosers dalk selfs beter toegerus met voorry-biëls soos Neethling Fouché en Chippie Oelofse.

Vir albei spanne is baie op die spel.

Die Maties kan hul plek boaan die puntelys konsolideer met 'n sege, maar dit dalk ook prysgee as hulle droogmaak en Wits die Ixias in Bloemfontein met 'n bonuspunt klop.

Die Ikeys is 'n sterk aanspraakmaker op 'n plek in die halfeindronde, maar die Pukke, Shimlas en die Universiteit van Johannesburg (UJ) is nie ver agter hulle nie.

Die Pukke, wat 'n wedstryd minder as die Ikeys gespeel het en net 'n punt agter die Kapenaars is, kan hul aanspraak verstewig met 'n sege oor Tuks in Pretoria.

Tuks het tot dusver al vier hul wedstryde verloor. Die Pretoriase studente het verlede Maandag in Kaapstad met 13-23 teen die Ikeys verloor.

UJ, wat nog net vier wedstryde gespeel het, het 'n gulde geleentheid om vyf ligapunte te verwerf in sy kragmeting met die Madibaz.

Wits, wat verlede Maandag teen die Maties met 30-30 gelykop gespeel het, behoort die kans op vyf ligapunte in die Rosestad aan te gryp.

■ Program: 16:45: Tuks t. Pukke (TV); 18:30: UJ t. Madibaz; SUT t. Wits; 19:00: Maties t. Ikeys (TV).